Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2014

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 MEMORANDUM

PUNTE: **80**

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.

- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.

- As ’n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

- Indien ’n spelfout die betekenis van ’n eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.

- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.

- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ’n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ... .

- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ’n hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.

- Indien ’n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

- Aanvaar dialektiese variasies.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: ARTIKEL

NR	ANTWOORD	PUNT	DENK-VLAK
1.1	’n Skoon aarde ✓ ’n Onbesoedelde aarde ✓	(1)	1
1.2	Grond- ✓ Lug- ✓ Water- ✓ Geraasbesoedeling ✓ **(Enige 2)**	(2)	1
1.3	“... kan jou doof maak.” ✓ OF “... jou senuweestelsel wat kan doodgaan.” ✓	(1)	1
1.4	Dit kan siektes veroorsaak. ✓ Daar is minder skoon water vir gebruik. ✓ Dit veroorsaak dat visse, as voedselbron, uitsterf. ✓ **(Of soortgelyke beskrywing.)**	(1)	4
1.5	Mense wat vir ’n skoon omgewing/aarde baklei. ✓ OF Mense wat baie vir die aarde omgee. ✓ OF Mense wat vir die bewaring van die natuur veg. ✓ OF Mense wat teen die besoedeling van die aarde is. ✓ **(Of soortgelyke beskrywing) Jy moet kan aflei dat die kandidaat ’n begrip het dat *groenes* mense is wat vir die bewaring van die aarde veg / *omgewingsbewustes.***	(1)	3
1.6	Niks groei daarop nie. ✓ OF Daar is geen lewe / plantegroei op die mynhope nie ✓ Myngrond bevat stowwe / chemikalieë wat verhoed dat iets daarop groei. ✓ **(Of soortgelyke antwoord.)**	(1)	4
1.7	Die stof wat van die mynhope kom, word deur die wind erodeer/weggewaai wat dan in die atmosfeer (lug) beland. ✓ Stofstorms/wind waai die gevaarlike stowwe (van mynhope) in die lug / atmosfeer. ✓ **(Of soortgelyke antwoord.)**	(1)	3
1.8	Fabrieke kan die water skoonmaak / hergebruik. ✓ Fabrieke kan dit in spesiale damme hou sodat dit nie in die riviere beland nie. ✓	(2)	4
1.9	Water word warm en maak lewende wesens dood. ✓ Besoedel die water. ✓	(2)	1
1.10	’n Mens asem vuil lug in en kry longsiektes. ✓ Rook / giftige gasse is sleg vir ’n mens se gesondheid / veroorsaak siektes. ✓ **(Of soortgelyk redenasie.)**	(1)	

1.11	Reënwater spoel die plaagdoders in spruite en riviere wat uiteindelik in die see vloei. ✓ Onkruiddoders en insekgif word op die plante en grond gespuit en beland uiteindelik/eventueel in die see. ✓	(2)	3
1.12	Dit lyk nie mooi nie. ✓ Dit is ongesond. ✓ Dit skep ’n slegte/swak indruk by vakansieoorde. ✓ Dit beïnvloed sportbyeenkomste bv. watersport. ✓ Toeriste besoek nie lande wat (erg) besoedel is nie. ✓ Besoedelde lande kry negatiewe kommentaar in koerante / tydskrifte/brosjures / ens. ✓ **(Enige logiese antwoord.)**	(1)	4
1.13	Insekgif ✓ Kunsmis ✓ Onkruiddoders ✓ Chemikalieë ✓ **(Enige 2 kan gegee word.)**	(2)	1
1.14	Dit beteken dat rommel ’n baie groot en groeiende probleem is. ✓ Daar is soveel rommel dat dit soos ’n berg lyk. ✓	(1)	3
1.15	Die bome word uitgekap om plek te maak vir lande ✓/ behuising ✓/ brandhout ✓/ meubels ✓/ ontwikkeling ✓ **(Enige feit vir ’n punt.)**	(1)	3

ADVERTENSIE					
1.16	’n Bier ✓			(1)	1
1.17	1.17.1	Konnotatief ✓		(1)	4
	1.17.2	Figuurlik ✓ Skole baat daarby. ✓ **(Woordspel binne konteks)**		(2)	3
1.18	Jy moet aan die gholfdag deelneem ✓			(1)	3
1.19	Bulova ✓ / Snappy Chef ✓ / ATKV-oorde ✓ **(Enige 2 vir ½ punt elk.)**			(1)	1
1.20	Heinrich du Preez ✓			(1)	1
1.21	Oos-Kaap ✓			(1)	1
1.22	A. tydens die skoolkwartaal en naweke ✓			(1)	3
1.23	Enige antwoord wat daarop dui dat skole baat sal vind; finansieel of bv. deur ’n skenking. ✓			(1)	3

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OPSOMMING

ALGEMEEN

- Lees die hele opsomming om ’n geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Som die feite sovêr as moontlik in jou eie woorde op.
- Kandidate hoef nie ’n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van die paragraaf nagesien.

LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE ’N PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS NIE:
Die hoofgedagte kan in ’n volsin of in ’n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.

Punte
1–3 feite korrek – 1 punt
4–5 feite korrek – 2 punte
6–7 feite korrek – 3 punte

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:
Die hoofgedagte kan in ’n volsin of in ’n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.

Punte
6–7 aanhalings – geen punte vir taal
1–5 aanhalings – 1 punt vir taal

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

Feit	7
Taal	3
Totaal	10

LET WEL
Formaat:
- Selfs al word die opsomming in die verkeerde formaat aangebied, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:
- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- **Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: INSTRUKSIES

- Skryf 7 wenke **hoe om stres in jou lewe te verminder**, neer.

Daar kom 8 moontlike feite in die leesstuk voor.
Die onderstreepte sinne kan moontlik direk aangehaal word

Die teks soos in die vraestel	**Moontlike verwerking**
Stres in die moderne en gejaagde lewe is een van die grootste moordenaars. Enige mens het nodig om van stres ontslae te raak. Dit kan op verskillende maniere gedoen word.	Inleiding: geen wenk
Ontspan sodra jy tuiskom. Dit is belangrik om ontspanningstyd vir jouself te maak, al is dit net vir 'n kort rukkie. Jy kan byvoorbeeld tyd saam met jou familie deurbring of om met jou hond of kat te speel.	1. Maak elke dag ontspanningstyd vir jouself.
Kry vars lug deur oefening buite te doen. Oefening ná 'n moeilike dag sal jou beter laat voel en jou spanning verminder. Stap, swem, fietsry as voorbeelde van oefeninge, kan 'n groot verskil in hoe jy voel, maak.	2. Kom uit en kry oefening.
Neem 'n week vakansie sodat jy kan wegkom van werkstres. Onthou net dat wanneer jy met vakansie weggaan, jy liewer jou werk tuis moet los sodat jy jouself kan dwing om te ontspan en nie om vakansietyd aan werk af te staan nie.	3. Gaan met vakansies weg van die huis. 4. Los jou werk tuis wanneer jy met vakansie weggaan.
Doen iets prakties soos byvoorbeeld 'n stokperdjie wat jy geniet. Die stokperdjie kan sport of handwerk wees.	5. Ontspan jou brein met iets prakties wat jy geniet.
Leer om die tekens van spanning te identifiseer voor dit jou doodmaak. Sodra jy tekens soos hoofpyne, slaaploosheid, eetprobleme of depressie herken, gaan spreek 'n dokter vir hulp.	6. Sodra jy tekens van spanning identifiseer, doen iets daaraan.
Kry jou gedagtes weg van jou werk deur iets lekkers te doen. Jy kan byvoorbeeld fliek toe gaan of uiteet. Daarna sal dit voel of jy vir 'n naweek weg was.	7. Breek weg deur iets lekkers te doen.
Skryf alles neer wat jou gelukkig maak. Soms sien jy eers die goeie dinge raak wanneer jy daarvoor soek of dit neerskryf.	8. Skryf alles wat jou gelukkig maak, neer.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

WOORD- EN SINSTRUKTURE

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Kandidate moet nie die hele sin skryf nie, indien daar gevra word om net die woord te skryf.)
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie **indien anders vereis word – veral met een woord antwoorde**; behalwe waar spelling getoets word.
- Taalfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om ’n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: ADVERTENSIE					
3.1	jeug ✓		Voltooi die uitdrukking.	(1)	1
3.2	Domestos te koop ✓ Skole te help verbeter ✓		Herkenning van en funksionaliteit en impak van manipulerende taal.	(1)	3
3.3	Met die S wat herhaal word, **speel die adverteerder met klanke** sodat die SUPER SKOOL **uitstaan** / om te wys / **beklemtoon** dat Domestos Saphinda 'n Super Skool gemaak het. ✓ Dit klink lekker vir die leser, hy/sy wil die advertensie lees/verder lees. ✓		Kennis van die funksionaliteit van die gebruik van alliterasie / klankryke taal in advertensies.	(1)	3
3.4	Die woorde speel op mense se gevoel/emosies omdat daar verskillende regte in SA is en 'n skoon omgewing is een van hulle.✓ Sodat ander besighede kan bydra tot 'n skoner skoolomgewing. ✓ Domestos wil sê hulle gee om vir (basiese) menseregte. ✓ Domestos wil 'n beter lewe vir mense / Suid-Afrikaners/leerders gee. ✓ **(Of soortgelyke antwoord)**		Kennis van die funksionaliteit en impak van die gebruik van emosionele taal in advertensies.	(1)	3
3.5	Sy wil beter as al die ander dokters wees. ✓		Kennis van funksionaliteit van die gebruik van spesifieke woordkeuse (oortreffende trap) in advertensies.	(1)	3
3.6	3.6.1	Omdat Thembeka "ek" gebruik, praat sy namens die kinders in haar skool en in ander skole (wat Domestos gehelp het). ✓ Die leser sal met Thembeka / die probleem kan identifiseer / persoonlik raak / wek simpatie op. ✓ Sy is gelukkig en vind self baat daarby. ✓	Kennis van die funksionaliteit van aanspreekvorme ek/jy/julle in advertensies.	(1)	4
	3.6.2	Met die gebruik van die eerstepersoonspreker, kry die advertensie 'n persoonlike aanslag en Domestos "praat" met almal in SA waarvan hulle deel is. ✓ Hulle wil wys dat hulle deel is van alle skole. ✓ Hulle help skole, dus help hulle almal. ✓		(1)	4

3.7	Ander maatskappye sodat hulle ook sal help om skole te verbeter. ✓ OF Gesinne wat Domestos koop sodat hulle huis ook skoon kan wees. ✓ OF Skole wat dieselfde probleme het wat Domestos vir hulp sal kontak. ✓ OF Mense / lesers wat sulke produkte wil koop. ✓	Kennis van die funksionaliteit en impak van manipulerende taal in advertensies. **(Die antwoord moet rasioneel en realisties binne konteks wees.)**	(1)	4
3.8	Sy <u>bevestig en beklemtoon</u> hoe dit was en hoe dit daarna is en dat sy eendag die beste wil wees. ✓ Sy wil die verandering / verbetering beklemtoon. ✓ Sy (die adverteerder) wil beklemtoon hoe sleg die toilette was en hoe dit verander het. ✓	Kennis van die funksionaliteit en impak van adjektiewe in advertensies.	(1)	4
				[9]

VRAAG 4: STROKIE					
4.1	4.1.1	Figuurlik ✓	Woordeskat en insig in die gebruik van figuurlike taal.	(1)	4
	4.1.2	Die letterlike gebruik daarvan is rommel / vullis. ✓ OF Die onderwyser wil sê dat Neelsie hopeloos / niksnuts / deugniet is. ✓	Woordeskat en insig in die gebruik van figuurlike taal binne konteks.	(1)	3
4.2	Hulle kry Neelsie jammer (omdat sy boeke en tas weg is.) ✓		Funksionaliteit van leestekens. **(of enige logies beredeneerde antwoord).**	(1)	2
4.3	B / gras ✓		Kennis van idiomatiese taal.	(1)	1
4.4	Neelsie het nie mooi verstaan wat die ander woorde beteken nie. ✓ OF Hy het net die woord KLEIN verstaan en wanneer hy vir sy pa vertel, <u>beklemtoon</u> hy die woord. ✓ OF Hy het die woord hardop gesê en wou nie ander (beledigende) woord sê nie. ✓		Begrip en verstaan van geïmpliseerde woorde binne konteks deur karakters en lesers.	(1)	1
4.5	Hy skree ✓ OF sy hare krul op sy kop ✓ OF hy trek sy gesig ✓ OF hy trek sy mond ✓ OF as hy skree spat daar spoeg uit sy mond. ✓ OF Sy oë is toe. ✓ OF Hy frons. ✓ OF Sy gesigsuitdrukking wys dat hy kwaad is. ✓		Begrip en verstaan van gesigsuitdrukkings binne konteks.	(1)	3
4.6	Dat hy nie werk kan / hoef te doen nie. ✓ Hy's verlig. ✓ Sy skoolwerk / boeke / huiswerk is nie gedoen / op datum / voltooi nie. ✓		Begrip en verstaan van suggestie binne konteks.	(2)	3
4.7	Daar is stofwolkies onder sy voete. ✓ OF Die lyne agter hom wys dat hy vinnig beweeg. ✓ OF Hy het die deur gebreek. ✓ OF Sy oë is groot (soos pierings). ✓		Begrip en verstaan van visuele aanwysings / riglyne van vinnige beweging in die skets.	(1)	3
4.8	Neelsie is goed vir niks nie. ✓ OF Neelsie beteken niks nie ✓ OF Neelsie kan niks reg doen nie ✓		Woordskat Verstaan en verduideliking van woord binne konteks. **(of enige logies beredeneerde antwoord).**	(1)	1
				[10]	

VRAAG 5: PROSA					
5.1 5.1	5.1.1 5.1.2 5.1.1 5.1.2	Indien die kandidaat sin 1 kies: Die antwoord kan bv. wees dat die vraag die leser "uitnooi" om verder te lees om te sien wat drank aan jou liggaam doen. ✓ Die leser verwag redes en wil verder lees / word aangemoedig om verder te lees. ✓ **(Of soortgelyke antwoord.)** Indien die kandidaat sin 2 kies: Dit is reeds 'n vooraf stelling dat drank sleg is en dat die gedeelte wat daarop volg dit bevestig ✓ Dit beklemtoon dat drank jou liggaam verniel en die leser wil verder oor hierdie gevaar lees. ✓ **(Of soortgelyke antwoord.)**	Interpretasie van opskrifte en implisiete boodskap / betekenis. **Geen punt word vir 5.1.1 toegeken nie.**	(1)	3
5.2	Ná drie eenhede alkohol word jou reaksie stadiger **daarom werk** jou lewer harder om die gif uit jou liggaam te kry. ✓		... daarom werk ... Korrekte gebruik van voegwoord. **Kandidaat moet die twee sinne, soos in die vraestel versoek, volledig neerskryf anders verbeur hy die punt.**	(1)	2
5.3	Ná ses eenhede **sal** jy depressief **raak**. ✓		Gebruik van die toekomende tyd. Die korrekte plasing van die hulpwerkwoord en hoofwerkwoord wat na die einde van die sin skuif.	(1)	2
5.4	Jy **het** naar **ge**voel ✓ en jy **kon** jou bewussyn verloor (het). ✓		Die korrekte plasing van die hulpwerkwoord **het** en hoofwerkwoord **voel** wat na die einde van die sin skuif met ge-. **Kan** verander na **kon**. **Het** is opsioneel aan die einde van die sin.	(2)	1
5.5	vier-en-twintig OF vier en twintig. ✓		Korrekte spelling.	(1)	1
5.6	ml ✓		Korrekte afkorting. Sonder punte en slegs kleinlettertjies.	(1)	1
5.7	lei ✓		Gebruik van korrekte woord.	(1)	1
5.8	Kenners sê: "Sosiale drinkery is baie gewild onder jongmense." ✓		Gebruik van die direkte rede. Korrekte plasing van die koppelwerkwoord **asook die korrekte gebruik van leestekens om 'n punt te verdien.**	(1)	2

5.9	gevaarlikste ✓	Gebruik van die oortreffende trap.	(1)	1
5.10	Skoolkinders sê dat hulle ✓ elke week drink om dronk te word." ✓	Gebruik van indirekte rede. Werkwoord wat moet skuif tot voor die infinitief (1 punt). Die 1ste persoon verander na 3de persoon (1 punt).	(2)	2
5.11	weekliks ✓	Korrekte kennis en gebruik van bywoord.	(1)	1
5.12	Vyf of meer drankies word kort na mekaar deur hulle gedrink. ✓	Gebruik aktiewe→passiewe vorm: teenwoordige tyd. VW + **WORD** + Wyse + **DEUR** + OW + **GE**(ww).	(1)	2
5.13	Nee, ek het nog nooit 5 *shooters* binne 5 min gedrink nie. ✓	Kennis en korrekte gebruik van die ontkennende vorm / negatief. Korrekte gebruik van nog nooit met nie aan die einde van die sin om 'n punt te verdien.	(1)	1
			[15]	

VRAAG 6: PRENT				
6.1	om ✓	Gebruik van voorsetsel.	(1)	1
6.2	bril ✓	Gebruik van korrekte woord.	(1)	1
6.3	braaidrom ✓	Woordeskat.	(1)	1
6.4	T-hemp ✓	Woordeskat.	(1)	1
6.5	lank ✓	Korrekte gebruik van die adjektief (b.nw.).	(1)	1
6.6	Die by het die kind op sy arm gesteek. ✓ (Insek met vlerke!)	Korrekte gebruik en kennis van woordsoorte.	(1)	2
			[6]	

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80